Antwoorde

1. Die vervaardigers van **R**oepman, **T**he **F**ilm **F**actory en **B**osbok 6, bring die epiese drama grootskerm toe. (2)
2. *Roepman* speel hom in 1966 in 'n spoorweggemeenskap (samestelling van twee soortname) af en word uit die oogpunt van die 11-jarige (koppelteken in samestellings met getalle) Timus (eienaam moet met 'n hoofletter gespel word) vertel, vertolk deur Paul Loots. (3)
3. Toeskouers kan ook uitsien na die blink spel van talle akteurs Rika Sennett, Deon Lotz, Lida Botha, Paul Lückhoff en Altus Theart.
   a) Toeskouers is mense wat na 'n wedstryd of ander gebeurtenis/toneel kyk.
   b) Kykers is die term vir mense wat na 'n fliek of TV-aanbieding kyk.
   c) aktrises (3)
4. a) Die dubbelpunt ontbreek na "akteurs". b) Dit dui daarop dat 'n verduideliking volg. (2)
5. Timus vra: "Mamma, hoekom is jy laat?" (2)
6. Timus en sy gesin is vasgevang in die geweld van sy tyd – die kerk en die staat steun apartheid. (1)
7. Joon probeer tot Timus se redding kom; Timus verloor sy onskuld.
   Die kommapunt is in die plek van 'n voegwoord, soos *maar* of *dog*. (2)
8. Uitroepteken (1)

9. a) Hierdie (aanwysende vnw.) rolprent wys hoe dit (onpersoonlike vnw.) nie altyd die tipiese held is wat (betreklike vnw.) wen nie. (3)

b) Hierdie rolprente wys hoe dit nie altyd die tipiese helde is wat wen nie. (2)

10. a) Aanhangers van die Blou Bulle reken hulle span het die meeste talent.

b) Môre, Ma, kan ek vir jou koffie in die bed bring?

c) Die volgende spanne is verteenwoordig: Wes-Kaap, Noordwes en Mpumalanga.

d) Sy is nie as die fiksste atleet aangewys nie; sy oefen steeds toegewyd. (5)

11. a) Toe die aartshertogin sterf, het die oorlog uitgebreek.

b) Dis my swaer en my neefs. (3)

12. a) Die atleet van wie ek gelees het, oefen harder as al die ander wat ek ken.

b) Sonder die reëls waarvolgens hulle die wedstryd moet speel, sal dit in chaos ontaard.

c) Die doel waarna ons maatskappy strewe, is om produkte te lewer waarby jy baat. (5)

13. a) Adam vra die onderwyser hoflik of hy vir hom die som kan verduidelik.

b) Die spanbestuurder jaag die spelers aan. (Enige redelike antwoord is aanvaarbaar. Leerders moet probeer verstaan dat hier speling is vir verskeie realistiese antwoorde.) (5)

14. a) Jan skree:"Skoert, jou simpel kat!"

b) Eugene vra: "My liewe hemel, hoe het Ma dit reggekry?"

c) Kobus buk af en vra: "Siestog, jong, wat het gebeur?" (6)

Totaal: 45